Nuusbrief 174

28 Junie 2011

Geagte Lede,

2010 VERDUURSAAMDE HOUT STATISTIEKE

Die 2010 statistieke is gefinaliseer en is vir u inligting aangeheg. Lede word herinner dat die syfers gebaseer is op werklike gedokumenteerde volumes afkomstig van al die houtverduursamingsaanlegte in Suid-Afrika. Ons wil graag die personeel en bestuur van die sertifiseringsliggame bedank vir hulle bydrae om die inligting namens SAWPA en die bedryf te bekom.

Gemeet aan die syfers, was daar ‘n geringe verbetering sedert 2009 en ons hoop dat die neiging vir 2011 sal voortduur. Die konstruksiebedryf het die afgelope tyd tekens van verbetering getoon met onlangse nuus dat daar ook ‘n toename in die verkoopsvolumes van sement was. Ongelukkig kan die onlangse aankondiging van ‘n 6-maande moratorium op alle nuwe konstruksietenders, deur Departement Openbare Werke, ‘n negatiewe impak op die herstel van die konstruksiebedryf as ‘n geheel hê.

VERBRUIKERSBESKERMINGSWET- WERKSWINKEL – Meer word beplan

Die inligtingswerkswinkel wat op die 21 Junie by Browsers Garden & Home Centre gehou was, was ‘n reuse sukses. Terugvoer van diegene teenwoordig is dat die praatjie deur Janusz Luterek van Hahn & Hahn Prokureurs oor die Verbruikersbeskermingswetgewing en die impak daarvan vir verskaffers en kleinhandelaars baie insiggewend was. Daar was ongeveer 60 verteenwoordigers vanuit die houtverskaffersbedryf, argitekte, chemieseverskaffers, ens. wat die dag bygewoon het. Dit was ook verblydend om houtbehandelaars van so ver as Nelspruit, Pinetown, Piet Retief en Grey Town daar te sien.

Weens die sukses van die werkswinkel en die daaropvolgende belanstelling van lede hoop ons om soortgelyke sessies in die Suid-Kaap, Wes-Kaap en Kwazulu-Natal te hou. Die datums en tye van die sessies sal natuurlik afhang van Janusz Luterek se beskikbaarheid en verdere inligting sal gekommunikeer word.

VERBRUIKERSINLIGTINGPAMFLETTE

Een van die sleutelpunte wat by die bogenoemde werkswinkel opgekom het, was die belangrikheid daarvan om kritieke produk- en veiligheidsinligting aan die verskaffingsnetwerk en eindverbruikers deur te gee, en hoe Bedryfsassosiasies ‘n leidende rol kan en moet speel. In ons vorige nuubrief nr 173 gedateer 27 Mei 2011, het ons genoem dat SAWPA ‘n A4 pamflet uitgebring het wat handel oor “What you need to know when buying and using preservative treated timber”. Kopieë van die pamflet is beskikbaar op versoek. Die pamflet is ook aflaaibaar vanaf ons webtuiste www.sawpa.org.za onder die Inligtingseksie met die titel “Buying & Using Treated Timber”, sodat u, u eie kopieë kan druk indien nodig. Ons wil graag ons lede aanraai om gebruik te maak van die pamflette.

NRVS-REGISTRASIE SLUITINGSDATUM

Lede word herriner van die NRVS-registrasievereiste soos in SAWPA nuusbrief 172 van 19 April gekommunikeer was. The registrasievorm is beskikbaar vanaf SAWPA of kan direk van die www.nrcs.org.za bekom en ingedien word. Die skakel is regs bo op die tuisblad by die opskrif "Registration form". Volgens die NRCSwebblad is die sluitingsdatum vanaf 30 Junie na 31 Julie 2011 verskuif.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste in Junie was in totaal 9728.
- 2011 AWPA Standaarde – SAWPA het sowel die hardekopie as die CD van die 2011 AWPA standaarde bekom. Lede is welkom om vir Sue te kontak indien u enige inligting of uittreksels van standaarde wil bekom.

WoodEX for Africa – UITGESTEL TOT MAART 2012

Die WoodDEX for Africa uitstalling en konferensie wat oorspronklik vir September 2011 geskeduleer was, het na wye oorweging deur belanghebbende partye, verskuif na 22-24 Maart 2012. Die uitstalling en konferensie beoog om verskaffers en vervaardigers uit die houtverwante bedryf in direkte kontak te bring met bestaande sowel as nuwe kliënte, kontrakteurs, installeerders, vervaardigers, kleinhandelaars en die publiek.

Besoek asseblief die webtuiste www.woodexforafrica.com vir meer inligting.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in die nuusbrief gemaak word nie.